# Laerskool Newtonpark

# Beleidsdokument

# INHOUDSOPGAWE

## AFDELING A (Uittreksel uit huiswerkboek Gr. 3 – 7)


**Inhoudsopgawe** 2
**Voorwoord** 5
**Visie** 5
**Missie** 5
**Strategiese doelwitte** 5
**1. Inleiding** 5
**2. Gedragskode** 5
**2.1 Die doel van die gedragskode** 6
**2.2 Waaruit bestaan die gedragskode** 6
**2.3 Wie bepaal die gedragskode** 6
**3. Taalbeleid** 6
**4. Godsdiensbeleid** 6
**5. Skoolbeleid** 7
**6. Tye** 7
**7. Die gedragskode word deur die onderstaande regte begrond** 7
**8. Etiekkode** 7
**9. Huishoudelike reëls** 8
**9.1 Skoolterrein** 8
**9.2 Kleedkamers/toilette** 8
**9.3 Fietsryers** 9
**9.4 Voetgangers** 9
**9.5 Saal** 9
**9.6 Kantoor, voorportaal en gange** 9
**9.6.1 Leerlinge** 9
**9.6.2 Ouers** 9
**9.7 Klaswisseling** 10
**9.8 Klokke** 10
**9.9 Rondloop van leerlinge** 10
**9.10 Klaskamers** 10
**9.11 Huiswerkboeke** 10
**9.12 Teenwoordigheid** 10
**9.13 Afwesigheid** 10
**9.14 Eksaminering en toetsing** 11
**10. Skooldrag** 11
**10.1 Somer (Eerste en Vierde kwartaal)** 11
**10.1.1 Seuns** 11
**10.1.2 Dogters** 11
**10.1.3 Saal** 11
**10.2 Winter (Tweede en Derde kwartaal)** 11
**10.2.1 Seuns** 11
**10.2.2 Dogters** 11
**10.3 Graad R Univorm** 12
**10.4 Sportdrag** 12
**10.5 Verlore en ongemerkte goedere** 12
**11. Algemene voorkoms en gedrag** 12
**12. Dissipline in die skool** 13
**13. Nie-onderhandelbare klaskamerreëls** 14
**14. Kategorie A Oortredings** 15
**15. Srafmaatreëls : Kategorie A Oortredings** 16
**16. Kategorie B Oortredings** 16
**17. Ouers se verantwoordelikhede** 18

| | | |
|---|---|---|
| **18.** | **Toekeninningsbeleid vir akademiese prestasie : Gr R – 3** | **18** |
| **19.** | **Toekenningsbeleid vir akademiese prestasie : Gr. 4 – 7** | **18** |
| | **19.1 Akademiese toekennings** | **18** |
| | **19.2 Meriete toekennings** | **19** |
| **20.** | **Toekenningsbeleid vir buitemuurse aktiwiteite** | **21** |
| | **20.1 Sport** | **21** |
| | **20.2 Kultuur** | **22** |
| **21.** | **Skoolveiligheid** | **24** |
| **22.** | **Rookvrye omgewing** | **24** |
| **23.** | **Wapenvrye skool** | **24** |

# AFDELING A

## VOORWOORD

Ten einde onsekerheid onder veral nuwe personeellede uit te skakel, is hierdie handleiding saamgestel om duidelike riglyne te verskaf, eenvormigheid te verseker en om u taak vir u te vergemaklik. Lees dit asseblief noukeurig deur en hou dit byderhand vir raadpleging.

## ONS VISIE

Die Laerskool Newtonpark is daartoe verbind om die eerstekeuse Afrikaans-medium Laerskool in Port Elizabeth te wees.

## ONS MISSIE

Ons streef na :

1. Volgehoue uitnemende opvoeding binne 'n Christelike milieu.
2. Ontsluiting van elke kind se volle potensiaal op terrein van akademie, kultuur en sport.
3. Die vorming van gebalanseerde, veeltalige, jong landsburgers wat met selfvertroue hul sekondêre opvoeding kan aanpak.

## ONS STRATEGIESE DOELWITTE

1. Die behoud en uitbreiding van uitnemendheid, opvoeding en alle aktiwiteite van die skool.
2. Die behoud van ons leerlinggetalle.
3. Die behoud van die gesonde finansiële basis van die skool

## 1. INLEIDEND

Die Laerskool Newtonpark is daargestel om 'n veilige beskermende en 'n opvoedende onderrigtuiste te bied vir leerlinge wat onderrig wil word in hul moedertaal, Afrikaans. Meertaligheid word terselfdertyd nagestreef.

Ons glo aan ons skool as 'n instelling van uitnemendheid waar gehalte onderwys en onderrig die wagwoord is. Ons doel en strewe is om gesonde dissipline, selfbeheer en verantwoordelikheid aan ons leerlinge te leer. Ons leerlinge word geleer om te Dink en Doen.

Die rol van die ouer en sy/haar betrokkenheid speel 'n sentrale rol in die bestuur van ons skool.

## 2. GEDRAGSKODE

Hierdie dokument is die gedragskode van Laerskool Newtonpark soos deur die beheerliggaam goedgekeur. Die beheerliggaam het die ouers, leerlinge en onderwysers van die skool oor die inhoud van die gedragskode geraadpleeg. Die gedragskode is opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid Wet 27 van 1996; Riglyne vir Gedragskode vir leerlinge (Algemene Kennisgewing 776 in Staatskoerant 18900 van 15 Mei 1998); die Regulasies met betrekking tot Apparate vir Dwelmtoetsing en die Prosedure wat gevolg moet word (GK1140 in Staatskoerant 31417 van 19 September 2008); Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole (GK1040 in Staatskoerant 22754 van Oktober 2001, soos gewysig) en toepaslike provinsiale wetgewing.

### 2.1 DIE DOEL VAN 'N GEDRAGSKODE

Goeie dissipline is 'n kenmerk van 'n effektiewe skool. Leerlinge leer die beste in 'n ordelike en veilige omgewing. Dissipline is dus een van die belangrikste bestuursfunksies van 'n skool. Die Skoolhoof en Personeel het 'n plig om goeie orde en gesonde dissipline te handhaaf. Gevolglik is 'n gedragskode noodsaaklik om:

- 'n goed georganiseerde en goeie skool te skep sodat effektiewe leer en onderrig kan plaasvind;
- selfdissipline te kan ontwikkel;
- goeie gedrag aan te moedig en om gedrag te reguleer.

### 2.2 WAARUIT BESTAAN DIE GEDRAGSKODE?

Die gedragskode is 'n geskrewe stelling van reëls en beginsels i.v.m. dissipline. Dit verduidelik aan ons die gedrag wat onderwysers van die leerlinge verwag en watter standaard dit behoort te wees. Dit onderskryf die skool se missiestelling.

### 2.3 WIE BEPAAL DIE GEDRAGSKODE?

Die gedragskode is deur die beheerliggaam opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ("die Skolewet"); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; Riglyne vir Gedragskode vir leerlinge (Algemene Kennisgewing 776 in Staatskoerant 18900 van 15 Mei 1998) en ander toepaslike regulasies en wetgewing.

## 3. TAALBELEID

Die Laerskool Newtonpark is daargestel om 'n veilige, beskermende en opvoedende onderrigtuiste te bied vir leerlinge wat onderrig wil word in Afrikaans. Hierdie skool se kurrikulum plaas klem op die ontwikkeling van die leerlinge se onderrigtaal en die skep van 'n positiewe selfbeeld, asook die vorming van gebalanseerde landsburgers. Daarnaas word ruimte geskep vir die aanleer van Engels Huistaal en Engels Addisionele Taal. Ons wil baie graag ‘n Afrikataal vir ons leerlinge aanleer, maar kan dit slegs doen indien die Departement van Onderwys die nodige personeel verskaf.

## 4. GODSDIENSBELEID

Die Laerskool Newtonpark glo dat 'n godsdienstige omgewing veiligheid en balans vir leerlinge bied. Derhalwe ondersteun die Beheerliggaam die beoefening van 'n Godsdiensbeleid wat aan die opvoedkundige behoeftes van die leerlinge voldoen. Dit moet billik, vry en vrywillig wees. (Hierdie beleid voldoen aan die vereistes soos uiteengesit in: Die Grondwet van Suid-Afrika, 1996 en ander beleidsdokumente).

## 5. SKOOLBELEID

Ek/ons onderneem dat hy/sy aan die onderstaande gehoor sal gee:

- die skoolreëls soos in die Gedragskode vervat is;
- dat ek/ons sal toesien dat my seun/dogter al die voorgeskrewe skoolreëls sal nakom en gehoorsaam;
- dat ek/ons bewus is daarvan dat enige oortreding van hierdie reëls, optrede van tyd tot tyd deur die Dissiplinêre Komitee, Beheerliggaam of Skoolhoof van die skool geneem sal word;
- dat ek/ons sal toesien dat hy/sy gereeld skool sal bywoon, behalwe in geval van siekte;
- dat ek/ons sal sorg dat hy/sy in die korrekte skooluniform, soos neergelê in die Gedragskode, geklee sal wees;
- dat ek/ons bewus is daarvan dat sy/haar gedrag onberispelik moet wees;
- dat ek/ons erken die reg van die skool om 'n leerling op die skoolterrein te deursoek.

## 6. TYE

### 6.1 SKOOLTYE

| | |
|---|---|
| Graad R | 07:45 – 13:00 (Ma – Do) |
| Graad 1 – 2 | 07:45 – 13:30 (Ma – Do) |
| Graad 3 | 07:45 – 14:00 (Ma – Do) |
| Graad 4 – 7 | 07:45 – 14:15 (Ma – Do) |
| Graad R – 7 | 07:45 – 12:35 (Vrydae) |

### 6.2 KLEREWINKELTYE

| | |
|---|---|
| Maandae | 07:30 – 12:00 |
| Woensdae | 12:00 – 14:30 |
| Vrydae | 07:30 – 12:00 |

## 7. DIE GEDRAGSKODE WORD DEUR DIE ONDERSTAANDE REGTE BEGROND:

- Elkeen het die reg om ongehinderd te leer en te werk.
- Elkeen het die reg om met beleefdheid en respek behandel te word.
- Jou onderwyser is ook mens en het die reg om met beleefdheid en respek behandel te word.
- Elkeen het die reg om in 'n skoon, veilige en ordelike omgewing te werk .
- Elkeen het die reg om trots op sy/haar skool te voel.
- Die skool het ook die reg om trots te wees op jou.

## 8. ETIEKKODE

Ek verbind my plegtig tot die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, en ek onderneem om die reg en die regstelsel te respekteer, te onderhou en te bevorder.

Ek verbind my daartoe om:

- hierdie gedragskode en al die reëls en regulasies van Laerskool Newtonpark getrou na te kom;
- hoë morele en etiese standaarde te handhaaf;
- daarna te streef dat my optrede altyd verantwoordelik en ter bevordering van die skool se goeie naam sal wees;
- my skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding te doen en;
- die nodige hoflikheid en respek teenoor alle personeel, medeleerlinge en besoekers te toon.

Ek onderwerp my aan enige dissiplinêre maatreël indien ek sou versuim om enige bepaling of maatreël in die skool se gedragskode na te kom. Ek sal doelbewus die volgende vyf waardes nastreef: **Waarheid, Liefde, Vrede, Verantwoordelikheid** en **Diensbaarheid.**

**GETEKEN OP HIERDIE _____ (DAG) VAN_____(MAAND) 2019**

| _____ | _____ |
|---|---|
| **LEERLING** | **OUER** |

## 9. HUISHOUDELIKE REËLS

Hierdie huishoudelike reëls is opgestel vir die VEILIGHEID van ons kinders, om hulle OPVOEDING te bevorder tot die WELSYN van almal in die skool.

### 9.1 SKOOLTERREIN

- Beweeg stil en ordelik na die speelgronde. Geen geselsery in die gange en op die trappe nie. Geen leerling mag tydens pouses in klasse wees nie.
- Geen leerling mag gedurende pouse naby die fietsrakke kom nie.
- Geen kontaksport bv. rugby, mag pouse gespeel word nie. Slegs tennisballe word toegelaat, want ons het beperkte spasie beskikbaar.
- Meld onmiddellik by personeellid op terreindiens aan indien 'n leerling op die speelgronde beseer is. Hou skoolterrein skoon. Moenie papiere, brood of ander afval rondstrooi nie.
- Leerlinge moet die skool tydens die vasgestelde skoolure stiptelik bywoon. 'n Leerling mag nie gedurende skoolure sonder die skoolhoof of sy gevolmagtigde se verlof uit die klas afwesig wees of die skoolterrein verlaat nie.
- Beweeg flink en stil by klas in. Sit dadelik en haal die regte boeke uit.
- Slegs Gr. R-leerlinge speel op die klimraam in skooltyd.

## 9.2 KLEEDKAMERS/TOILETTE

- Besoek kleedkamers voor skool of tydens pouses en nie nadat die klok gelui het vir die einde van die pouse nie. Geen kos word in die kleedkamer toegelaat nie.
- Moenie met toiletpapier mors nie. Spoel toilet na gebruik.
- Die kleedkamers is nie 'n speel- en kuierplek nie.
- Geen papiere, kos en vreemde voorwerpe mag in toilette of wasbakke gegooi word nie.
- Handdoeke moet met sorg hanteer word en nie as vloerlappe gebruik word nie.

## 9.3 FIETSRYERS

- Gehoorsaam te alle tye verkeers- en padreëls.
- Stoot fietse na en van die fietshokke.
- Geen leerling mag op die speelgrond met sy fiets ry nie- en ook nie na skoolure nie. Bly weg van ander leerlinge se fietse.

## 9.4 VOETGANGERS

- Gehoorsaam te alle tye verkeers- en padreëls.
- Kruis strate waar skolierepatrollie diens doen.
- Stap onder toesig op sypaadjies na en van Sportterrein.

## 9.5 SAAL

- Gedrag tydens saalbyeenkomste moet onberispelik wees - dit is die vertoonvenster van ons skool.
- Beweeg altyd stil en ordelik na en van die saal.
- Geen leerling mag sonder toesig in die saal wees of rondhardloop nie.
- Die klavier en gimnastiekapparaat mag nie sonder verlof gebruik word nie.
- Die saalkleedkamers mag deur die leerlinge gebruik word, maar slegs wanneer daar vir aktiwiteite byvoorbeeld LO en sport verklee word.
- Die saalkombuis mag net onder toesig van 'n onderwyser gebruik word.
- Leerlinge mag nie vensters oopmaak of die gordyne skuif sonder toesig nie.
- Geen leerling mag sonder toesig op die saal se verhoog kom nie.

## 9.6 KANTOOR, VOORPORTAAL EN GANGE

### 9.6.1 LEERLINGE

- Geen leerling mag sonder toestemming in die voorportaal rondstaan nie.
- Geen groepe leerlinge mag in die gange wees voor skool of tydens pouses nie.
- Leerlinge mag slegs as hulle gestuur word die personeelkamer en kombuis besoek. Alle briewe, ens. aan die hoof moet by die kantoor ingehandig word.
- Hoofingang mag nie deur leerlinge gebruik word nie, behalwe as leerlinge laat is vir skool.

### 9.6.2 OUERS

- Gedurende skooltyd moet ouers by ontvangs aanmeld en geen ouer mag na 'n onderwyser se klas gaan of die speelterrein betree nie.
- Vergete goedere word by die kantoor ingehandig. (Merk alles duidelik.) Niks mag deur die skoolheining vir leerlinge aangegee word nie.
- Geen ouer mag ‘n ander ouer se kind konfronteer nie. Kontak die ouer direk of meld die probleem by die skool aan.
- Ouers word versoek om, wanneer dit nodig blyk, deur die sekretaresse afsprake met die betrokke personeellid te maak en nie probleme telefonies aan te spreek nie.

### 9.7 KLASWISSELING

- Beweeg flink en in een ry en hou links op stoep en trappe.
- Geen leerling mag op die stoepe en in die gang hardloop nie.
- Dra tas in regterhand sodat dit nie teen die muur skuur nie.

### 9.8 KLOKKE

- Wanneer die eerste klok voor skool of na pouse lui, beweeg leerlinge na rye.
- GEEN LEERLING MAG HARDLOOP NIE.
- Wanneer die klok aan die einde van die periode lui, moet die leerlinge vir die onderwyser wag om hulle te verdaag.

### 9.9 RONDLOOP VAN LEERLINGE

- Geen leerling mag sonder toestemming tydens periodes rondloop nie. Wanneer 'n leerling gestuur word, moet hy/sy ALLEEN, vinnig en flink beweeg.

### 9.10 KLASKAMERS

- Geen leerlinge mag voor en na skool in klaskamers of gange wees nie.
- Tydens pouses mag leerlinge slegs in klasse met onderwyser toesig wees.
- Siek leerlinge sit in gang voor adjunkhoof se kantoor.

### 9.11 HUISWERKBOEK

- Elke leerling vanaf Graad 4 moet 'n skoolhuiswerkboek hê.
- Gr. R tot 3 het ‘n A4 hardebandboek vir die inplak van huiswerk.
- Huiswerkboeke moet elke dag deur ouer onderteken word.

### 9.12 TEENWOORDIGHEID

- Leerlinge mag slegs in noodgevalle uit die skool gehou word.
- Leerlinge moet 'n afwesigheidsbrief toon met sy/haar terugkeer.
- Afsprake met dokters en tandartse moet, indien enigsins moontlik, na skool geskied.

### 9.13 AFWESIGHEID

- Leerlinge mag slegs in uitsonderlike gevalle afwesig wees van die skool, en dan ook met die skriftelike toestemming van die Skoolhoof, of sy/haar verteenwoordiger indien die skoolhoof nie beskikbaar is nie.

- Afwesigheid van die skool sonder 'n aanvaarbare verskoning word as stokkiesdraai beskou, wat streng verbode is.
- Leerlinge wat vir een tot drie agtereenvolgende dae van die skool afwesig is, moet met hul terugkeer 'n skriftelike verduideliking van hul ouers voorlê.
- Afwesigheid vir meer as drie agtereenvolgende dae sal slegs verskoon word indien 'n brief deur 'n geregistreerde mediese praktisyn voorgelê word, buiten in die geval van dood of trauma in die leerling se gesin of om 'n ander rede wat deur die Skoolhoof goedgekeur word.
- Indien ‘n leerling ongesteld is gedurende skoolure, stuur onderwyser leerling na kantoor met siekbrief. ***(Bylae 1)*** Skoolsekretaresse sal ouers kontak.

**9.14 EKSAMINERING EN TOETSING**

Deur middel van deurlopende assessering gedurende die kwartaal en toetsreeks/eksamen gedurende Junie en aan die einde van die jaar, word gepoog om vas te stel wat die leerlinge deur onderrig en selfstudie bereik het. Verder vereis dit hersieningswerk wat die leerlinge help om hom/haar verstandelik in te span om belangrike beginsels te begryp en te onthou. Behalwe die voordele wat toetse vir die leerlinge inhou, is dit vir elke ouer 'n maatstaf van die vordering van hul kind. Toetse word gereeld, minstens twee per vak per kwartaal geskryf. Verskeie vorme van assessering word ook aangewend. Hierdie toetse word na elke toets huis toe gestuur sodat u dit kan nagaan, onderteken en terugstuur. Op hierdie manier bly u gedurig op hoogte van u kind se vordering en kan u ook vasstel of u kind sy/haar tuiswerk goed voorberei en gereeld doen. Vorderingsverslae word aan die einde van die elke kwartaal huis toe gestuur. ‘n Oueraand word aan die begin van die volgende kwartaal gehou om leerlinge se vordering met ouers te bespreek. Departementele voorskrifte word gevolg. Die Grondslagfase skryf nie 'n toetsreeks nie, maar daar word 'n deurlopende assessering deur die onderwysers gedoen.

**10. SKOOLDRAG**

**LET WEL:** Slegs twee soorte drag, nl. winter- en somerdrag word toegelaat. Geen sweetpakke of truie word in die plek van die baadjie toegelaat nie.

**10.1 SOMER: (1ste en 4de kwartaal)**

**10.1.1 SEUNS:**

Grys kort- of langbroek. Wit oopknoophemp sonder das met skoolwapen op die sak. Laasgenoemde is verpligtend.

**10.1.2 DOGTERS:**

Wit oopknoophemp sonder das. Maroen skoolrok, kort wit sokkies. Sokkies moet een keer omgeslaan word.

**10.1.3 SAAL**

Gedurende die somer is die dra van die kleurbaadjie verpligtend tydens saalbyeenkomste. Seuns moet hul baadjies toeknoop.

**10.2 WINTER: (2de en 3de kwartaal)**

**10.2.1 SEUNS:**

Skoolkleurbaadjie met wapen is verpligtend. Skooldas is verpligtend. Dasse moet netjies gebind wees. Swart skoolskoene, verkieslik die sg. "Toughees". Maroen skooltrui mag onder die baadjie gedra word. Gewone wit langmou- of kortmouhemp (met ‘n kraagknoop) word gedra. Grys kort- of langbroek. Grys skoolkouse met skoolkleure by omslag moet gedra word. Die skoolkouse moet onder die knie opgetrek wees.

**10.2.2 DOGTERS:**

Skoolbaadjie met wapen is verpligtend. Skooldas is verpligtend. Dasse moet netjies gebind wees. Swart skoolskoene (toeryg of met bandjie), verkieslik "Toughees". ‘n Maroen skooltrui mag onder die baadjie gedra word. Maroen skoolrok (verkieslik van tetrexmateriaal) met maroen broekie. Skoolrok mag nie hoër as 8cm bokant die knie wees nie. Lang grys skoolkouse (met skoolkleure by omslag), of grys broekiekouse (die sg. "geribde" of "dowwe opaque"). Broekiekouse mag in die winterkwartale gedra word, wit langmou- of kortmouhemp met skerppuntkragie en skooldas. Geen grys of swart sykouse nie.

**10.3 GRAAD R: UNIFORM**

Daar is nie ‘n spesifieke drag vir winter en somer nie, leerlinge trek aan volgens die weer. Seuns en dogters dra ‘n maroen kortbroek of sweetpakbroek en “navy” t-hemp. Kouer dae dra hulle ‘n reënbaadjie of “fleecetop”. Wit skoolkouse en tekkies moet elke dag gedra word.

U word versoek om die Klerewinkel te besoek vir die aankope van u seun/dogter se Gr. R-uniform.

**10.4 SPORTDRAG (GR1-7): VERPLIGTE ITEMS**

U word versoek om die Klerewinkel te besoek vir die aankope van u seun/dogter se sportdrag.

**10.5 VERLORE EN ONGEMERKTE GOEDERE**

Ons ondervind ‘n toenemende toename in kledingstukke wat rondlê en dan nog boonop heel dikwels ongemerk is.

Dit is eerstens ‘n vereiste dat ouers alle skoolitems duidelik moet merk en tweedens is dit die leerling se verantwoordelikheid om daarna te kyk.

**11. ALGEMENE VOORKOMS EN GEDRAG**

**11.1** Alle leerlinge moet te alle tye waar hulle in die naam van die skool optree, netjies in volle skooldrag geklee wees. Leerlinge mag nie hul baadjies oor die arms dra nie. Daar word een maal ‘n maand netheidsinspeksies gehou. Indien ‘n leerlinge nie netjies genoeg is nie, ontvang hy/sy netheidsbriefie en kry ‘n week kans om die foute aan te spreek. ***(Bylae 2)***

**11.2** Hulle gedrag moet altyd onberispelik wees en toon dat hulle trots op hul skool se goeie naam is.

**11.3** Waar hulle in 'n span of groep die skool verteenwoordig, word verwag dat hulle slegs met hul beste poging vorendag sal kom.

**11.4** MERK ASSEBLIEF ALLE KLERE / TASSE / KOSBLIKKE ENS. DUIDELIK. Ongemerkte klere word geskut.

**11.5 HARE:**

**SEUNS:**

Hare moet kort, dog netjies geknip word, bv. hare moenie die kraag raak of oor die voorkop groei nie. 'n Natuurlike haarstyl is verkieslik. Geen vreemde haarstyle word toegelaat nie, bv. "step", kaalgeskeer, gekleur, "gejel" of kuifklossies.

**DOGTERS:**

Lang hare word met 'n wit, bruin, swart of maroen rekkie in 'n poniestert(e) of vlegsel(s) vasgemaak. Wit, bruin, swart of maroen haarband (Alice band - 15mm) word gedra om die hare netjies te hou. Wit, bruin, swart of maroen knippies mag ook gebruik word om die hare vas en netjies te hou. Genoemde bandjies, ens. kan by die klerewinkel aangekoop word. Geen vreemde haarstyle word toegelaat nie. Hare mag nie gekleur of “gejel” word nie. Geen strepies nie.

**11.6 OORKNOPIES:**

**DOGTERS:**

Die dra van een stel netjiese en veilige oorknopies word vir dogters toegelaat. Die Beheerliggaam aanvaar geen verantwoordelikheid vir beserings wat a.g.v. die dra van oorknopies opgedoen word nie, of van knopies wat wegraak nie. Die knopies moet aan die volgende vereistes voldoen: slegs knopies word toegelaat. Om veiligheidsredes word geen ander tipe oorbel toegelaat nie. Knopies moet verkieslik goud wees. Geen steentjies word toegelaat nie. Die oorknopie kan as volg beskryf word: die sg. "ball stud" - 3mm.

**SEUNS:**

Geen oorknopies mag gedra word nie.

## 12. DISSIPLINE IN DIE SKOOL

Ons by Laerskool Newtonpark is ingestel daarop om leerlinge positief te motiveer om sodoende negatiewe optrede te verhoed. Om dié rede maak ons gebruik van ‘n kommunikasiekaartstelsel om u as ouer ingelig te hou oor hoe u kind se gedrag en werksetiek in die skool is. As daar positiewe inskrywings is, prys u kind daarvoor en indien daar negatiewe inskrywings is tree dien ooreenkomstig op.

Elke ouer ontvang aan die begin van die jaar ‘n omsendskrywe rakende oortredings en ooreenkomstige optrede. ***(Bylae 3)*** Die afskeurstrokie moet voltooi word en aan die klasonderwyser terug gestuur word vir veilige bewaring.

## 12.1 KOMMUNIKASIEKAART : POSITIEF

Positiewe inskrywings vir alles wat leerling positief doen in klas, akademie, sport of gedrag. Drie positiewe inskrywings: Stuur leerling na skoolhoof: kry skoolhooftoekenning om week te dra. Tweede keer drie positiewe inskrywings: leerlinge kry weer skoolhooftoekenning vir week. Mag nou die volgende Vrydag gewone klere aantrek. Patroon gaan dan voort met elke positiewe inskrywing.

## 12.2 KOMMUNIKASIEKAART : NEGATIEF

- Die onderwysers teken alle oortredings aan en stuur dieselfde dag vir ouer om te teken.
- Slegs huiswerk nie gedoen en ernstige gedragsoortredings word in aanmerking geneem vir detensie.
- Die adjunkhoof is die enigste persoon wat detensie kan toeken.
- Na die eerste 3 negatiewe inskrywings, moet die onderwyser die ouer kontak om oor die probleem te praat.
- Die onderwyser/es stuur die leerlinge dan na adjunkhoof vir finale waarskuwing.
- Met die volgende inskrywing word die leerling met sy kommunikasiekaart na adjunkhoof toe gestuur wat dan besluit of die leerling sy/haar 1ste detensie moet sit of nie. Detensiebriewe gaan uit op Woensdae en detensies vind plaas van 13:45 tot 15:45 op ‘n Vrydag. ***(Bylae 4)***
- Word elke keer na 3 inskrywings na adjunkhoof toe gestuur vir besluit of detensie al dan nie.
- Met die 2de detensie binne 6 maande reël afspraak met ouers.
- Met die 3de detensie binne 6 maande reël afspraak met ouers en skoolhoof.
- Dié leerling moet dan ‘n dissiplinerooster saam met hom/haar dra. ***(Bylae 5)*** Elke klasonderwyser dui dan aan of die periode se werk gedoen is of nie. Aan die einde van die dag teken die skoolhoof die blad en die ouer moet ook by die huis teken. Dit duur tot die leerling uit sy eie weer begin werk.
- Met die 4de detensie binne 6 maande word ‘n dissiplinêre gesprek gehou en verskyn die leerling saam met sy/haar ouer voor die beheerliggaam.
- Die 4de detensie sal op ‘n Saterdag plaasvind.

## 12.3 ALGEMEEN

- Daar word aan die einde van elke kwartaal ‘n streep onder die oortredings aan die negatiewe kant getrek. Die leerling begin dus elke kwartaal skoon.
- As leerlinge 3 weke lank geen negatiewe inskrywing het nie, mag sy/haar klasonderwyser elke keer 'n streep deur sy/haar laaste negatiewe inskrywing trek. Die leerlinge moet dit aanvra, dit is nie onderwyser se plig om te bereken of om dit te onthou nie.

## 13. NIE-ONDERHANDELBARE KLASKAMERREëLS

- Moenie uit jou beurt praat nie; steek jou hand in die lug op.
- Geen skel- of vuiltaal mag gebruik word nie.
- Ons moet ten alle tye hoflik teenoor mekaar en teenoor ons onderwysers wees.
- Graffiti, vandalisme of strooi van papiere en/of gemors is verbode.
- Ons respekteer ander se eiendom.

- Niemand mag sonder toestemming rondloop nie. Almal moet stiptelik vir klasse opdaag om te werk.
- Huiswerk moet gedoen word. Dit moet altyd netjies gedoen word en die regte boeke moet ingepak word.
- Klasse moet formeel begin (groet) en verdaag word. Leerlinge moet flink opstaan as die skoolhoof of ander volwassenes die klas binnekom.
- Almal moet netjies geklee wees.
- Leerlinge moet tydens interkom aankondigings sit en aandag gee.
- Aktiwiteite in die klas moet werkverband en werkgerig wees.
- Leerlinge mag geen speelgoed, diere of klappers saambring skool toe nie (alle grade).
- Geen leerling mag sonder toestemming sitplekke verwissel nie.
- Indien leerlinge selfone skool toe bring om ouers naskool te kontak is dit op eie risko. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir verlore en beskadigde selfone nie. Gedurende skoolure moet selfone afgeskakel wees en sal sekretaresses ouers bel indien nodig.

## 14. KATEGORIE A OORTREDINGS:

**14.1** Elkeen het die reg om ongehinderd te leer en te werk. Luister na die onderwysers.

- Moenie praat en brom terwyl die klas aan die gang is nie.
- Moenie in die klas eet of drink nie.
- Moenie speelgoed skool toe bring nie.
- Moenie ander met goed skiet of gooi nie.
- Moenie jou boeke by die huis vergeet nie.
- Moenie jou boek verniel nie. Help om dit netjies te hou deur dit oor te trek.
- Die onderwysers doen moeite met hulle onderrig: doen jou tuiswerk elke dag. Sorg dat jou opdragte stiptelik uitgevoer word.
- Jy mag nie die klaswisseling vertraag of in die rye gesels nie. Dit veroorsaak dat jy laat by die klas opdaag.

**14.2** Elkeen het die reg om met beleefdheid en respek behandel te word.

- Wees vriendelik en beleefd teenoor jou maats.
- Moenie maats afknou of verontreg nie (sien Kategorie B oortredings p 11).
- Help maats wat hulp nodig het.
- Respekteer ander se eiendom; moenie daarop skryf of krap nie.
- Wees 'n goeie maat en gee iemand se goed terug as jy dit iewers sien lê.
- Moenie spoeg nie.
- Moenie vuil gesprekke voer of vuil grappe vertel nie.

**14.3** Jou onderwyser is ook 'n mens en het die reg om met beleefdheid en respek behandel te word.

- Wees vriendelik en beleefd teenoor hulle. Groet altyd eerste.
- Help onderwysers wat hulp nodig het.
- Sê dankie wanneer jy 'n klas geniet het of hulle julle gehelp het om iets beter te verstaan.

- Sorg dat jy betyds is vir sport en ander afsprake.
- Moenie teëpraat of astrant wees nie.
- Moenie die klas ontwrig terwyl hulle probeer om ander te help nie.
- Elke onderwyser gee om vir elke kind en wil graag help.
- Tree met die nodige respek en hoflikheid teenoor jou onderwyser op.

**14.4** Elkeen het die reg om in ‘n skoon en netjiese omgewing te werk.

- Gooi papiere en houers in die asblikke.
- Hou die kleedkamers netjies en skoon. Wees sindelik daarop.
- Plante en bome op die speelgrond is aantreklik. Pas hulle asb. op.
- Kougom word verbied.
- Moenie jou fiets op die skoolterrein of in die gange ry nie.

**14.5** Elkeen het die reg om trots op sy/haar skool te voel.

- Help om die skoolgeboue en terreine mooi en netjies te hou.
- Moenie op plekke speel wat as verbode terrein uitgewys is nie.
- Daar is op 'n sekere skooldrag besluit. Moenie jou skoolklere laat rondlê nie. Hang dit op buite jou klaskamer.
- Moenie die sportspanne in die steek laat of afwesig wees sonder dat die betrokke onderwyser in kennis gestel is nie.
- Sorg dat julle met trots kan sê julle is in die Laerskool Newtonpark.
- Personeel en ouers spandeer baie tyd en geld om te help om die skool se standaard op alle terreine hoog te hou.
- Baie van jou maats presteer steeds uitstekend en benut die geleenthede wat aan hulle gebied word. Hulle is in jou skool, en jy kan trots wees op hulle prestasies.

**14.6** Die skool het ook die reg om trots te wees op jou.

- Wanneer jy die skool verteenwoordig, gedra jou soos iemand wat trots is op jou skool en sy prestasies.
- Dra die naam van die skool na alle mense toe uit deur vriendelik en hoflik teenoor almal te wees.
- Maak gebruik van die verskeidenheid geleenthede wat die skool jou bied.
- Bou saam aan die trotse tradisie van die skool.
- Dink en doen die regte ding op die regte tyd!

## 15. STRAFMAATREëLS: KATEGORIE A OORTREDING(S)

**15.1** In geval van die oortreding van enige van bovermelde bepalings, moet sodanige oortreding na 'n onderwyser van die skool verwys word, en is sodanige onderwyser by magte om die volgende strafmaatreëls toe te pas:

**15.1.1** 'n Mondelinge of skriftelike waarskuwing

**15.1.2** Skoolwerk onder toesig wat tot die leerling se vordering by die skool sal bydra en die skoolomgewing sal verbeter, met dien verstande dat die ouers betyds ingelig en die veiligheid van die kind verseker word.

**15.1.3** Die uitvoer van pligte deur die oortreder ten gunste van die persoon/instansie wat deur die oortreding benadeel is.

**15.1.4** Opskorting van deelname aan skoolaktiwiteite, soos sport en kultuur (wat sosiale geleenthede uitsluit).

**VERDERE STRAFMAATREëLS:**

**15.2** In geval van die oortreding van enige van bovermelde bepalings, kan sodanige oortreding na die skoolhoof verwys word, en is die skoolhoof by magte om die volgende strafmaatreëls toe te pas:

**15.2.1** Enige van die strafmaatreëls in 16.1.1.-16.1.4 hier bo, waartoe die volgende bygevoeg kan word:

**15.2.2** Uitsluiting van deelname aan sosiale geleenthede van die skool.

**15.2.3** Ooreengekome, bekostigbare vergoeding.

**15.2.4** Die herstel of vervanging van beskadigde eiendom.

**15.2.5** Gemeenskapsdiens vir tot ses uur.

## 16. KATEGORIE B OORTREDINGS

**OORTREDINGS WAT AS ERNSTIGE WANGEDRAG BESKOU WORD:**

Alle tersaaklike Nasionale en Provinsiale riglyne en regulasies is geraadpleeg in die opstel van 'n lys van oortredings wat tot die skorsing van 'n leerling mag lei. Oortredings wat tot sodanige skorsing kan lei, maar wat nie daartoe beperk is nie, sluit die volgende in: (vlg. Provinsiale Staatskoerant, No. 947, 2 Desember 2002, Volume 9.)

- gedrag wat die veiligheid van andere in gevaar stel en hulle regte skend;
- die besit, dreigement of gebruik van 'n gevaarlike wapen;
- die besit, gebruik, oorhandiging of sigbare bewyse van ongemagtigde middels, alkohol of dwelmmiddels;
- gevegte, aanranding of mishandeling;
- die valse identifisering van sigself;
- skadelike graffiti, haattaal, seksisme en rassisme;
- diefstal of die besit van gesteelde eiendom;
- onwettige optrede, vandalisme of die vernietiging of ontsiering van skooleiendom;
- oneerbiedigheid, afkeurenswaardige gedrag en beledigende taal, ook vloektaal wat teen onderwysers of ander individue van die skool of teen leerlinge gerig is of teen Godsdienstige gebruike gerig is;
- kriminele en onderdrukkende gedrag soos byvoorbeeld verkragting en teistering wat op geslag gebaseer is;
- boelie, afknouery en intimidering van ander leerlinge;
- die bewustelike en opsetlike verskaffing van valse inligting of die vervalsing van dokumentasie om 'n onregverdige voordeel by die skool te verkry;
- besit, gebruik en verspreiding van verbode materiaal;
- oneerlikheid in assessering, toetse, take en projekte;
- die beoefening van openlike satanisme;
- herhaalde verontagsaming van die skoolreëls en nie in die gees van die gedragskode optree nie.

## 16.1 STRAFMAATREëLS: KATEGORIE B: ERNSTIGE WANGEDRAG

In geval van die oortreding van enige van bovermelde bepalings, moet sodanige oortreding na die beheerliggaam verwys word, en is die beheerliggaam by magte om die volgende strafmaatreëls toe te pas:

Enige van die strafmaatreëls in 15.1 tot 15.2.5 hier bo, waartoe die volgende bygevoeg kan word:

**16.1.1** In geval van die oortreding van die gedragskode deur lede van die Leerlingraad en ander skoolleiers:
Saam met of as alternatief vir bogenoemde, skorsing van pligte vir 'n tydperk van tot ses weke, of afdanking en permanente verwydering uit die Leerlingraad of 'n ander leiersamp in die skool.

**16.1.2** Na afloop van 'n verhoor waarin enige leerling skuldig bevind is aan die oortreding van die bepalings van die Gedragskode, kan die beheerliggaam sodanige leerling enige van voormelde strawwe oplê, of die leerling skors, of by die Onderwyshoof aanbeveel dat die leerling uit die skool uitgesit word.

**16.1.3** Indien daar op slegs skorsing as 'n straf besluit word, kan die beheerliggaam die leerling vir tot sewe skooldae skors.

**16.1.4** Indien die beheerliggaam besluit om die uitsetting van die leerling by die Onderwyshoof aan te beveel kan die beheerliggaam die leerling vir 'n redelike tydperk van tot veertien skooldae skors, hangende die Onderwyshoof se beslissing.

**VOORKOMENDE SKORSING**

Die beheerliggaam kan, op redelike gronde en as 'n voorsorgmaatreël, 'n leerling wat vermoedelik ernstige wangedrag (kategorie (B)) gepleeg het, vir tot sewe skooldae van skoolbywoning skors, maar kan slegs sodanige skorsing oplê nadat die leerling 'n redelike geleentheid ontvang het om vertoë in verband met sodanige skorsing aan die beheerliggaam te rig.

## 17. OUERS SE VERANTWOORDELIKHEDE

Ouers en of Voogde is primêr vir leerlinge se gedrag verantwoordelik. Ons verwag dat u:

- die skool ondersteun, toesien dat u kind(ers) alle reëls en regulasies gehoorsaam;
- 'n aktiewe belangstelling in u kind(ers) se skoolwerk toon en toesien dat hulle voorgeskrewe take voltooi, daagliks die Huiswerkboek kontroleer en dit teken waar aangedui;
- ouers behoort vergaderings wat die Beheerliggaam vir hulle reël, by te woon.

## 18. TOEKENNINGSBELEID VIR AKADEMIESE PRESTASIES: GRAAD 1 TOT 3

Leerlinge ontvang balkies op grond van akademiese prestasie deur die eerste drie kwartale se assessering van al die vakke in ag te neem.

Die top 5 leerlinge per klas ontvang ‘n akademiese balkie.
Graad 1 : Blou
Graad 2 : Silwer

Graad 3 : Goud

**Die Grondslagfase toekennings mag gedra word tot einde graad 4. SLEGS BALKIES WAT DEUR DIE SKOOL TOEGEKEN WORD, mag op die skoolbaadjie gedra word**.

Alle ander leerlinge sal op grond van hul betrokkenheid, gedrag en vordering sertifikate ontvang.

## 19. TOEKENNINGSBELEID VIR AKADEMIESE EN MERIETE PRESTASIES: GRAAD 4 TOT 7

### 19.1 AKADEMIESE TOEKENNINGS

Leerlinge wat 80% en hoër tydens deurlopende assessering volgens departmentele voorskrifte in Desembereksamen behaal. Klasonderwyser handig opsomming van punte aan einde van jaar tydens puntebespreking in, plaas in die lêer. Identifiseer leerlinge wat kwalifiseer.

**19.1.1 <u>Knopie (maroon)</u>**

Leerlinge behaal die **eerste keer** 80% of hoër tydens deurlopende assessering volgens departementele voorskrifte in Desembereksamen. Knopie word tydens Saalbyeenkoms vroeg in die volgende jaar oorhandig. Leerlinge ontvang ook ’n sertifikaat en koop knopie by sekretaresse aan. Ouers van leerling word per brief uitgenooi.

**19.1.2 <u>Knopie (silwer)</u>**

Leerlinge behaal die **tweede keer** 80% of hoër tydens deurlopende assessering volgens departementele voorskrifte in Desembereksamen. Knopie word tydens Saalbyeenkoms vroeg in die volgende jaar oorhandig. Leerlinge ontvang ook ’n sertifikaat en koop ’n knopie by sekretaresse aan. Ouers van leerling word per brief uitgenooi

**19.1.3 <u>Knopie (goud)</u>**

Leerlinge behaal die **derde keer** 80% of hoër tydens deurlopende assessering volgens departementele voorskrifte in Desembereksamen. Knopie word tydens Saalbyeenkoms vroeg in die volgende jaar oorhandig. Leerlinge ontvang ook ‘n sertifikaat. Ouers van leerling word per brief uitgenooi

**19.1.4 <u>Balkie (silwer)</u>**

Leerlinge behaal die **tweede keer** 85% tydens Desembereksamen. Balkie word saam met die silwer/goue knopie toegeken.

**19.1.5 <u>Balkie (goud)</u>**

Leerlinge behaal die **derde keer** 85% tydens Desembereksamen. Balkie word saam met die goue knopie toegeken.

**19.1.6 <u>Erebord</u>**

Graad 7-leerlinge behaal die 85% of hoër tydens deurlopende assessering volgens departementele voorskrifte in Desembereksamen. Leerling word uitgenooi na Saalbyeenkoms vroeg in die volgende jaar. Leerlinge ontvang ook ‘n sertifikaat. Ouers van leerling word per brief uitgenooi.

**Nuwe leerlinge**
Leerlinge wat by ons skool aansluit en voldoen aan die akademiese kriteria, moet die nodige rapporte inhandig. Plaas afskrifte van rapporte in lêer.

## 19.2 MERIETE TOEKENNINGS

### 19.2.1 MERIETE SERTIFIKAAT: OGGENDTOEKENNINGS

Gr. 4-7 moet **15 - 29 punte** bymekaar maak deur die jaar.

**Sertifikaat: Meriete (Word tydens 'n saalperiode oorhandig)**

### 19.2.2 MERIETE: AANDTOEKENNING

**Beleid:** Akademiese en buitemuurse punte vir meriete knopies.
**30 punte en hoër** in totaal vir buitemuurs en akademie (Gr. 4 – 7).

**SPORT**

- **Gee 2 punte aan spelers wat aan A-span wedstryde (spansport) deelgeneem het.**
- **Gee 1 punt aan spelers wat aan B/C-span wedstryde deelgeneem het, (spansport) of slegs geoefen het.**
  bv. Atletiek: 1 punt vir Hugenoot-/Newtonbyeenkoms
  2 punte vir verdere deelname
- **Afrigter gebruik gesonde oordeel!**

**KULTUUR**

- 1 of 2 punte per deelname in oorleg met persoon in beheer.

**LEERLINGLEIERS**

- Hoofleiers : 3 punte
- Prefekte : 2 punte
- Media- en ander monitors : 1 punt

**SKOLIERPATROLLIE**

1 of 2 punte vir deelname in oorleg met onderwyser in beheer.

**SKOOLBYWONING**

1 punt vir 100% teenwoordigheid soos op datum van inhandiging van punte.

**AKADEMIE**

- Kwartaallikse opsomming van vakke

| | | | |
|---|---|---|---|
| **KRITERIA VIR Gr. 4 :** | 85% en hoër | - | 12 punte |
| | 70 - 84% | - | 8 punte |
| | 60 - 69% | - | 4 punt |

**KRITERIA VIR Gr. 5 - 7:** 80% en hoër - 12 punte
70 - 79% - 8 punte
60 - 69% - 4 punt

+ 1 punt vir ENGLISH HOME LANGUAGE (vir jaar)
+ 10% by vir ENGLISH HOME LANGUAGE TOTAAL uit 300 vir klasposisies – net vir prysuitdeling.

**GR. 4 – 7 KNOPIES**

**1ste knopie : MAROEN**
30 en meer punte
1ste keer wanneer leerling knopie ontvang

**2de knopie : BLOU**
30 en meer punte
2de keer wanneer leerling knopie ontvang

**3de knopie : SILWER**
30 en meer punte
3de keer wanneer leerling knopie ontvang

**4de knopie : GOUD**
30 en meer punte
4de keer wanneer leerling knopie ontvang

***(Leerling kan dus in enige graad sy/haar eerste knopie ontvang. Nuwe leerlinge wat gedurende Intersenfase by ons skool inskakel, moet volledige verslag/rapport van vorige grade bring, indien in aanmerking wil kom vir 'n hoër toekenning.)***

**SLEGS BALKIES WAT DEUR DIE SKOOL TOEGEKEN WORD, mag op die skoolbaadjie gedra word.**

Die toekenningslyste met wie watter knopie ontvang, word na die finansiële sekretaresse gestuur. Die leerlinge kan dan die toegekende knopie by die finansiële sekretaresse aankoop. Dis belangrik dat goed rekord gehou word van knopies en die klaslys aangestuur word na die volgende graad. 'n Ekstra kopie van toekenningslyste in graadverband moet aan einde van jaar by kantoor op lêer geplaas word. Indien leerling sy/haar knopie verloor, koop hy/sy die knopie weer by die finansiële sekretaresse.

## 20. TOEKENNINGSBELEID: BUITEMUURSE AKTIWITEITE

**Alle toekennings vir die jaar word tydens die Sport- en Kultuurtoekennings-aand oorhandig.**

## 20.1 SPORT

**Sportsoorte binne skoolverband sluit in:** Rugby, netbal, atletiek, krieket, swem, tennis, skaak.

### 20.1.1 Balkies

Leerlinge wat ingesluit word in provinsiale spanne kan eenmalig ‘n balkie by die skool-sekretaresse gaan koop. Dit sluit die volgende in:

| | |
|---|---|
| Atletiek: | Deelname aan die SA kampioenskappe |
| Netbal: | Opgeneem in OP span wat aan ‘n toernooi gaan deelneem |
| Krieket: | Opgeneem in OP span wat aan ‘n toernooi gaan deelneem |
| Rugby: | Opgeneem in OP span wat aan ‘n toernooi gaan deelneem |
| Tennis: | Opgeneem in OP span wat teen ‘n ander provinsie deelneem |
| Swem: | Deelname aan ‘n interprovinsiale gala |
| Skaak: | Opgeneem in OP span wat aan ‘n toernooi gaan deelneem |

### 20.1.2 Monetêre vergoeding:

- Alle leerlinge wat opgeneem word in ‘n provinsiale A-span van ‘n spesifieke sportkode van ‘n erkende sportsoort binne skoolverband kwalifiseer vir ‘n monetêre vergoeding.

- Leerlinge wat aan sportsoorte buite skoolverband deelneem en ‘n besondere prestasie daarin behaal bv. vir ‘n nasionale span deelgeneem het, kan ook vir monetêre vergoeding kwalifiseer en hul name sal dan op die Besondere Prestasies Erebord verskyn.

- Die volgende voorwaardes geld:
  - ‘n Amptelike brief van die organisasie / sportliggaam moet voorgelê word
  - Monetêre vergoeding moet goedgekeur word deur die Beheerliggaam van die skool.

### 20.1.3 Erebord

- Slegs leerlinge wat aan ‘n erkende sportsoort binne skoolverband deelneem en in die provinsiale A-span of hoër (nasionale span) opgeneem word se name sal op die skool se erebord aangebring word.
- Leerlinge wat aan sporte buite skoolverband deelneem se name kan op die “Besondere Prestasies” bord aangebring word indien hul daarvoor kwalifiseer. (sien 20.1.2)

### 20.1.4 Streek en Provinsiale Foto

- Alle leerlinge wat aan erkende sportsoorte binne skoolverband ‘n provinsiale, streek- of sonespan haal, sal op die streek en provinsiale foto verskyn.
- Alle leerlinge wat aan erkende sportsoorte buite skoolverband ‘n provinsiale span haal sal op die streek en provinsiale foto verskyn.

**LET WEL**: Geen erkenning sal aan ‘n leerling gegee word sonder ‘n amptelike brief van die betrokke provinsiale of nasionale liggaam nie. Dit is die ouer(s) se verantwoordelikheid om hierdie korrespondensie aan die hoof van buitemuurse bedrywighede van die skool te stuur.

**Leerlinge mag alle provinsiale klere en kentekens op die klere dra op Maandae wat ‘n saaldag is.**

## 20.2 KULTUUR

**Kultuursoorte binne skoolverband sluit in:** Koor, musiek, drama, redenaars.

### 20.2.1 Balkies

Leerlinge kan eenmalig ‘n balkie by die sekretaresse gaan koop indien hulle aan die volgende vereistes voldoen:

Koor: Deelname aan Oos-Kaap junior Kinderkoor.
Deelname aan OP Kinderkoor.
Ses jaar lid van Laerskool Newtonpark skoolkoor.

Musiek: Vir 80% en hoër in ‘n Unisa praktiese eksamen.
Vir 90% en hoër in ‘n Unisa teorie eksamen.

Drama: Opgeneem in OP groep wat aan ‘n nasionale kompetisie deelgeneem het.

Redenaars: Opgeneem in OP groep wat aan ‘n nasionale kompetisie deelgeneem het.

### 20.2.2 Monetêre vergoeding:

- Alle leerlinge wat opgeneem word in ‘n provinsiale A-groep van ‘n spesifiek kultuursoort binne skoolverband kwalifiseer vir ‘n monetêre vergoeding.

- Leerlinge wat aan kultuuraktiwiteite buite skoolverband deelneem en ‘n besondere prestasie daarin behaal bv. vir ‘n nasionale span deelgeneem het, kan ook vir monetêre vergoeding kwalifiseer en hul name sal dan op die Besondere Prestasies Erebord verskyn.

- Die volgende voorwaardes geld:
  - ‘n Amptelike brief van die organisasie / kultuurliggaam moet voorgelê word.
  - Monetêre vergoeding moet goedgekeur word deur die Beheerliggaam van die skool.

### 20.2.3 Erebord

- Slegs leerlinge wat aan ‘n erkende kultuuraktiwiteit binne skoolverband deelneem en in die provinsiale A-groep of hoër (nasionale span) opgeneem word, se name sal op die skool se erebord aangebring word.

- Leerlinge wat aan kultuuraktiwiteite buite skoolverband deelneem, se name kan op die “Besondere Prestasies Erebord” aangebring word indien hul daarvoor kwalifiseer. (sien 20.2.2)

**20.2.4 Streek en Provinsiale Foto**

- Alle leerlinge wat aan erkende kultuuraktiwiteite binne skoolverband ‘n provinsiale-, streek- of sonespan haal, sal op die streek en provinsiale foto verskyn.
- Alle leerlinge wat aan erkende kultuuraktiwiteite buite skoolverband ‘n provinsiale span haal, sal op die streek en provinsiale foto verskyn.

**LET WEL**: Geen erkenning sal aan ‘n leerling gegee word sonder ‘n amptelike brief van die betrokke provinsiale of nasionale liggaam nie. Dit is die ouer(s) se verantwoordelikheid om hierdie korrespondensie aan die hoof van buitemuurse bedrywighede van die skool te stuur.

**Leerlinge mag alle provinsiale klere en kentekens op die klere dra op Maandae wat ‘n saaldag is.**

## 21. SKOOLVEILIGHEID

**HEKKE**

Alle hekke sal om 07:45 soggens gesluit word. Laatkommers maak van die skool se hoofingang gebruik. Ouers moet onder geen omstandighede direk na die klasse gaan nie. Hierdie versoek is deel van die skool se veiligheidsplan.

Die hekke gaan oop middae sodat gr. R tot gr. 2 leerlinge huis toe kan gaan. Nasorgleerlinge sal soos gereël deur personeel begelei word na die skool se nasorg. Hekke sluit weer om 13:50. Leerlinge wat nie teen 13:50 afgehaal word nie, moet by die gr.1 en gr. 2 se stoep wag totdat ouers hulle kom afhaal, of hulle verdaag saam met die res van die skool (grade 4 – 7) om 14:15. Leerlinge in grade 3-7 wat nie teen 14:35 afgehaal is nie, moet ook by die gr.1 en gr. 2 se stoep wag totdat ouers hulle kom afhaal. Hulle kry dan reeds die geleentheid om hul huiswerk te doen.

Vrydae sluit al die hekke oop na skool om 12:35 en sluit weer om 12:55.

Die geslote kringtelevisie word ingespan ter beveiliging van ons leerlinge. (Die veiligheidsmaatreëls soos gewysig in die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996: het betrekking):

## 22. ROOKVRYE OMGEWING

Die Laerskool Newtonpark is 'n rookvrye skool. Rook is op beide die Skool- en sportterrein verbode. Die rookbeleid van die Laerskool Newtonpark is deur die Beheerliggaam goedgekeur.

Die rookbeleid erken die grondliggende waardes in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996, en die toepaslike bepalings van die Wet op die Beheer van Tabakprodukte, Wet 83 van 1993, soos gewysig deur die Wysigingswet op die Beheer van Tabakprodukte, Wet 23 van 2007 (hierna "die Tabakwet") .

## 23. WAPENVRYE SKOOL

Die Laerskool Newtonpark  is 'n wapenvrye skool.